

Hoofstuk 4

Gevallestudie en Terrein

Gevalllestudie:

Fort Klapperkop (+ 0,4 km = 78,3 km)



Fig.74: Links bo, Fort Klapperkop gedurende die Britse anneksasie van Pretoria (Van Vollenhoven: 1995: 57).

Klassifikasie						
Fasiliteite						
Toestand						
Dateer	1.	2.	3.			

Opsommende beskrywing

Die ontwerp van dié Duitse fort (ontwerp deur Krupp) is soortgelyk aan die ander twee Duitse forte. Dit is voltooi op 18 Januarie 1898 teen 'n koste van 50 000 Pond (Ploeger & Botha, 1968: 56). 'n Pompstasie is met Fort Schanskop, in die Fonteine Vallei, gedeel. 'n Unieke eienskap van Fort Klapperkop is dat dit 'n grag met 'n toevou brug by die ingang het, wat gedien het as verdere beskerming.

Na afloop van die Tweede Anglo Boereoorlog (1898 – 1902) was alle militêre geboue en terreine (insluitend Fort Klapperkop) onder Britse bevel. Op 7 Julie 1904 is besluit om 'n gedeelte van die plaas Groenkloof vir militêre doeleindes te gebruik (Ploeger & Botha, 1968: 87). In 1913 het 'n Britse generaal-majoor die Unie-regering versoek om beide Fort Klapperkop en Fort Schanskop as historiese monumente te verklaar. Vervolgens is die twee forte deur die Departement van Verdediging aan die Unie van Suid Afrika, in 1922 oorhandig. Op 8 Julie 1938 is Fort Schanskop en Fort Klapperkop geproklameer, wat die bewaring van die eiendom verseker het. Die forte is egter tydens die Tweede

Wêreldoorlog (1939 –1945) gebruik as ammunisie opslagplek. Draadversperrings, hutte vir wagte en ander geboue is by die forte opgerig. In 1941 is daar ook weerligafleiers op Fort Klapperkop aangebring. Later, in 1957 is beplan om Fort Schanskop in 'n restaurant en Fort Klapperkop in 'n militêre museum te omskep (Ploeger & Botha, 1968: 91). As gevolg van strukturele probleme in Fort Schanskop is daar besluit om solank met die restourasie van Fort Klapperkop, in Mei 1963, te begin. Op 23 Mei 1966 is die Krygsmuseum Fort Klapperkop deur die Staatspresident, mnr. C.R. Swart, geopen (Ploeger, 1968: 94).

Fig.76: Fort Klapperkop tydens restourasie in 1966 (Ploeger, 1968: 92).




Fig.75: Regs bo, Fort Klapperkop soos dit in 2011 lyk (foto: outeur).



Na restourasie

Na die restourasie van Fort Klapperkop het verdere ontwikkeling op die terrein plaasgevind. In die laat sewentiger jare is daar begin met 'n gemeenskapsprojek getiteld, *Twin City*. Dit het onder andere die oprigting van perdestalle, 'n *dressage*, twee perde springringe en die stigting van 'n perderuiterklub, behels. Vandag word die perdestalle aangetref aan die noord-oostelike kant van die terrein, teenaan die murasie van die Klapperkop Blokhuis.

Verder is daar ander gemeenskapsprojekte aangewend om die uitheemse plantegroei, o.a. die Australiese *Eucalyptus cladocalyx* (Bloekomboom), van Klapperkop te verwyder. Die plan was om die Klapperkoparea tot 'n bewaarde natuurlike

Fig.77: Lugfoto van Fort Klapperkop en omgewing voor restourasie in 1958 - 1960. Let op die hoeveelheid indringer Bloekombove (donker dele) wat op die terrein gegroei het. (Univeriteit van Pretoria)



Fig.78: Lugfoto van Fort Klapperkop en omgewing na restourasie in 2007.

Let op die verskil in uitheemse plantegroei wat verwyder is danksy opknappingswerk in 2005 (Univeriteit van Pretoria).

area te ontwikkel. Daar was ook besluit om die terrein toe te span en toegang tot die area te beheer.

Analise

'n Volledige analise van die terrein van Klapperkop is gedoen om die gerestoureerde terrein se verhouding met die omliggende omgewing te bepaal. Daar is spesifiek op die verhouding met die volgende aspekte gefokus:

- ander omliggende strukture;
- ander fortifikasies in Pretoria;
- en die besoeker.

Gevolgtrekkings word beperk tot die verwringing van betekenis en erfenis wat die restourasie van Fort Klapperkop veroorsaak het.

REKORD EAST FRIDAY FEBRUARY 25, 2005 17



Members of the first work party held on Saturday holding their pangas and bottles of tree poison. At the back are Councillor Clive Napier, Frans Lesoka, Mardi and Robrecht Tryhou, Johannes Masombuka and Gift Kekane. In front are Eugene Ginsberg, Philip de Beer and Stephan Viljoen.

Friends attack invaders

The Friends of Groenkloof Nature Reserve together with Tshwane Nature Conservation officials held its first Saturday morning 'Wattle whack it' work party on Klapperkop ridge.

Members of the Friends together with officials used pangas to remove invader black wattle tree saplings, which have grown again in what was once a wattle plantation on Klapperkop ridge.

According to Councillor Clive Napier, the objective is to eventually remove all invader trees from the ridge and restore the area to its natural state, in preparation for the fencing of the entire area and locate game there.

The group cleared an area of about 1% of the 250 hectare Klapperkop ridge of wattle and sprayed Lumberjack and Actipron poisons on the remaining stumps.

"The people involved found it an enjoyable and relaxing morning and worked in a safe environment," says Cllr Napier.

"They plan to arrange further work parties on the third Saturday of each month," he says. The next work party will be at Fort Klapperkop at 7:45 on Saturday, March 19.

"With the help of the community, the Klapperkop ridge can become one of the city's prime conservation areas," says Cllr Napier.

Omliggende strukture

Die strukture wat na die restourasie opgerig is funksioneer afsonderlik. Hierdie strukture reflekteer nie die oorspronklike funksie van die terrein nie. Die ligging van die Klapperkop Blokhuis word deur die hedendaagse strukture geignoreer. Die fasiliteite wat die hedendaagse strukture akkommodeer is:

- die Klapperkop Militêre Museum;
- die Twin City perde stalle;
- die woning van die terrein opsigter;
- die SAW Gedenkteken; en
- hedendaagse toegangspaaie tot Waterkloof woonarea.

Fig.79: Links, 'n berig van die bedrywighede uit die Rekord East, gepubliseer op 25 Februarie 2005, (<http://naturefriends.org.za/groenkloof/newspaper.htm>)

Fig.80: Regs bo, die strukture op Klapperkop





Fig.81: Regs onder, plantegroei op Klapperkop.



Die plantegroei (wat eie is aan Groenkloof) dra by tot die unieke ervaring by Klapperkop. Die volgende kenmerkende spesies word op Klapperkop aangetref:

- die *Olea africana*;
- *Acacia karroo*
- *Podocarpus henkelii*;
- *Searsia lansea*;
- *Celtis africana*.


Ander fortifikasies

Die gerestoureerde Fort Klapperkop het geen verhouding met omliggende fortifikasies nie. Alhoewel dit 'n uitsig het oor omliggende fortifikasies, beklemtoon die uitsig nie die ligging van ander fortifikasies in die omgewing nie.

Fig.83: Regs bo, die uitsig na die Johannesburg Fort waaraan Fort Klapperkop in verbinding was (foto: outeur).

Fig.84: Regs onder, Die visuele verbinding van Klapperkop Blokhuis na Fort Klapperkop word belemmer deur die uitheemse Bloekombome (foto: outeur).

Fig.82: Onder, die heliografiese verbindings met die ander fortifikasies in en rondom Pretoria (illustrasie: outeur).



Besoekers

Die terrein bied 'n wye verskeidenheid aktiwiteite vir die toeskouer. Die toeskouer kan o.a die museum besoek en op perderitte gaan. Daar is ook piekniekareas vir die besoeker



Fig.85: Links, fotos vanuit die bestemmings op Klapperkop (foto's: Outeur).




Fig.86: Die roetes op die terrein (skakeling van grys dui hoeveelheid verkeer aan)(illustrasie: outeur).

SLEUTEL
 - - - - - Motorroete
 Voetgangerroete

om te gebruik. Al die aktiwiteite dra egter nie by tot die kommunikasie van die fort nie.

Gevolgtrekking

Die museum verskaf genoegsame inligting oor Fort Klapperkop, maar die ervaring van die terrein dra nie by tot die kommunikasieproses nie. Die gefortifiseerde landskap van Pretoria word nie gekommunikeer in die uitsigte nie.

Die Oostelike fortoete

Die fortifikasies wat deel vorm van die Oostelike roete is die volgende:

- Klapperkop Blokhuis;
- Fort Klapperkop;
- *Eastern Redoubt*;
- Johnson Redoubt;
- Hillcrest Blokhuis en
- Howitzer Redoubt.

Naas Fort Klapperkop is die *Eastern Redoubt* die grootste van hierdie fortifikasies.

Die oostelike forte is tans/oorspronklik visueel verbind met mekaar. Gedurende die Anglo Boereoorloë is hierdie fortifikasies nie net visueel (heliografies) verbind nie, maar ook deur kabelverbindinge (Van Vollenhoven, 1995: 86). Verder is boodskappe ook deur boodskappers per fiets en te perd gestuur (Maree, 1977).

Die afstand tussen die fortifikasies kan as volg opgesom word:




Oostelike Roete	14,62 km	25,3 km
Afstand op plan		
Klapperkop Blokhuis – Fort Klapperkop	0,4 km	0,52 km
Fort Klapperkop – Eastern Redoubt	5,91 km	13,28 km
Eastern Redoubt – Johnson Redoubt	2,83 km	4,51 km
Johnson Redoubt – Hillcrest Blokhuis	1,64 km	1,84 km
Hillcrest Blokhuis – Howitzer Blokhuis	1,35 km	1,82 km
Howitzer Blokhuis – Klapperkop Blokhuis	2,49 km	3,33 km

Fig.90: Kaart van die Oostelike forte (illustrasie: outeur).



Konteks

Die roete tussen die Oostelike fortifikasies beweeg deur die strate van die residensiële areas. Dit sluit die volgende in:

- Waterkloof,
- Brooklyn,
- New Muckleneuk,
- Lynnwood, Hillcrest,
- Hatfield,
- en Groenkloof.

Tussen die residentiële areas kan die reisigers die parke, winkelsentrums en ander bakens in die oostelike voorstede ervaar. Die reisiger het dus die geleendheid vir 'n eerstehandse ervaring van Pretoria.

Vervoermodus

Die primêre vervoermodus deur die roete is te voet of te fiets. Fasiliteite wat hierdie vervoermetodes ondersteun word by elke fortifikasie verskaf. As alternatief kan die plaaslike vervoerstelsel gebruik word. Die reisiger kan dus





Fig.91: Onder, diagram wat die sekondêre vervoermodos in verhouding met die primêre vervoermodos wys (illustrasie: outeur).

Fig.92: Heel onder, die vervoermode in verhouding met die verwinging van die omgewing (illustrasie: outeur).

Fig.93: Die oostelike forte roeteplan (illustrasie: outeur).



gebruik maak van die plaaslike bus-, taxi- of treinroetes. Dus word die reisiger se keuse van vervoermiddel grootliks bepaal deur die area waarin hy/sy hom/haarself bevind. Die vervoermodus dra dus grootliks by tot die toeskouer se verwringing van realiteit.

Stedelike ervaring

Die Oostelike fortifikasies word saam deur 'n denkbeeldige as verbind. Hierdie denkbeeldige as word geskep deur die visuele verbindtenis wat tussen die fortifikasies bestaan. Die geïmpliseerde as help die reisiger om hom/haarself te oriënteer. Die gebruikers word in ruimte geplaas en 'n verwantskap tussen oop ruimtes, geboue, objekte (fortifikasies) word gevestig (Lyndon & Moore, 1994: 6). 'n As is 'n verhouding wat oor ruimte strek en nie net bloot 'n pad nie (Lyndon & Moore, 1994: 9).




Fig.95: Regs bo, die uitsig vanuit Fort Klapperkop in die rigting van die *Eastern Redoubt* wat oor die landskap verbind word deur 'n denkbeeldige as (foto: outeur).



Fig.94: Links, verskillende bestemmings word verbind deur 'n denkbeeldige. Die roete oorkruis dié as wat die reisiger toelaat om te verken (Lyndon & Moore, 1994: 7).




Fig.96: Regs onder, die uitsig vanaf die *Eastern Redoubt* in die rigting van Fort Klapperkop, verbind deur 'n denkbeeldige as (foto: outeur).

Die roete wat die Oostelike fortifikasies verbind is die fiesiese verband. Dit wat dus langs die roete ervaar word, word dus belangrik. Die as en die roete verweef, en die gevolglike verbinding laat verkenning toe. Uiteindelik behoort dit moontlik te wees om objekte, ruimte en geboue in 'n sekere volgorde te plaas (Lyndon & Moore, 1994: 7).

Tussen die fortifikasies, in die rooster stadsvorm van die residensiële areas is dit moontlik om te verdwaal. Op die denkebeeldige as word bestaande oop ruimtes in die stad





Fig.97: Die ruimte wat die reisiger gaan ervaar in die residentiële strate van Pretoria (illustrasie: outeur).

Fig.98: Die oop publieke ruimte waar die reisiger hom/haarself kan oriënteer in die landskap (illustrasie: outeur).

Fig.99: Kaart wat die ruimtelike plan aandui (illustrasie: outeur).








Fig.100: Links en bo, die verskillende ruimtes wat die reisiger sal ervaar op die Oostelike roete (illustrasies: outhur).

gebruik om die reisiger te oriënteer binne die landskap. Hierdie ruimtes laat die reisiger toe om die denkbeeldige as te bevestig. Die oop ruimtes dien as sekondêre bestemmings en dit is gewoonlik van publieke aard (byvoorbeeld 'n park, parkeerarea en plein onder andere).

Landskap

Die beskermende randjies en koppies in die area van die Oostelike roete, en spesifiek Strubenkop, vorm deel van die Magaliesbergreeks. Al langs die reeks word die basiese geologiese struktuur aangetref. Hierdie kenmerkende geologiese struktuur is gevorm deur 'n groot vlak see wat sowat 2300 miljoen jaar gelede in die area bestaan het (Carruthers, 2000: 6). Lae sediment kantel opwaarts vanuit die plat Bosveld aan die noorde. Die boonste laag Kwartsiet rus op 'n Skalierrots onderlaag. By die kruin stop hierdie rotslae skielik om kranse te vorm. Om hierdie rede het die noordelike hange van die koppies en randtjies in en rondom Pretoria 'n ander habitat as dié aan die suidelike hange. Die verskil in klimaat en habitat sal uiteindelik 'n invloed hê op die ontwerpbesluite van die projek.

Fig.101: Regs, die afsetting van die Transvaal Series op die bodem van die vlak see (Carruthers, 2000: 14).






Fig.102: Warm magma bou op vanuit die noorde en begin tussen sedimentêre lae indring (Carruthers, 2000: 14).




Fig.103: Die rots van die Transvaal Series sak in die magma (Carruthers, 2000: 15).




Fig.104: Die blootgestelde randjies van die gekantelde rots word verweer deur ys en ander natuurlike elemente. Die meer geharde kwartsied bly oor en vorm die randjies in en rondom Pretoria (Carruthers, 2000: 15).

Hier volg 'n beskrywing van die mees kenmerkende bome wat aangetref word aan die hange van Strubenkop:

Protea caffra of Suikerbos is die boom wat die meeste voorkom op Strubenkop. Hierdie boom/bos groei tot 4 meter hoog en is onmiskenbaar deur hul pienk en wit blomme wat in middelsomer oopmaak. Die kenmerkende blom reuk lok 'n verskeidenheid insekte. Die boom is ook vuur en droogte bestand (Carruthers, 2000: 61).

Rhus lancea of Kareeboom is bladhoudende boom wat gewoonlik aan die suidelike hange van die Magaliesbergreeks voorkom. Dit groei tot 'n hoogte van tussen 4 - 5 meter en het volle son nodig. Die boom is ook ryp en droogte bestand. Die blare is dig en dien dikwels as 'n windskerf in tuine (Sheat, 1983: 230)

Acacia karroo of Soetdoringboom is ook 'n bladhoudende boom wat tot 5 meter hoog groei. Die boom kom aan die suidelike en noordelike hange van Stubenkop voor. Die Soetdoringboom is ook baie gehard en blom geel pom-pom blomme in die somer (Carruthers, 2000: 52).

Nuxia congesta of die gewone Wildevlier groei tot 'n hoogte van tussen 2 - 20 meter met wit/roomkleurige blomme wat in die winter blom. Die boom het 'n ronde vorm met 'n bos wit blomme aan die punte van elke tak (Carruthers, 2000: 62).

Searsia lansia of Rooikareeboom groei teen 'n tempo van 0,8 meter per jaar met afmetings: 6 - 17m x 7m. Die boom is ook ryp en droogte bestand (Sheat, 1983: 225).

Sclerocarya birrea of Maroelaboom is te vinde aan die noordelike hang van Strubenkop. Dit is welbekend vir sy ronde, geel vrugte. Die vrugte dien as kos vir 'n Klip dassie gemeenskap wat op die koppie naby die Maroelabome woon.

Opuntia ficus-indica of Prickly pear is 'n uitheemse boom wat dikwels buite beheer kan raak. Sy wortels versprei oor 'n groot afstand rondom die boom wat nuwe bome laat ontkiem. Die boom dra ook vrugte wat deur mens en dier geëet kan word.




Fig.105: Bo links, die Protea caffra (foto: outeur).

Fig.106: Ro regs, Rhus lansea (<http://plants.newplant.co.za/pub/page/476>)

Fig.107: Middel links, Acacia karroo (Sheat, 1983: 199).

Fig.108: Middel Regs, Nuxia congesta (<http://www.plantzafrica.com/plantnop/nuxiacongesta.htm>)

Fig.109: Die Maroelaboomvrug (Carruthers, 2000: 70).

Behalwe vir die groot hoeveelheid bome wat op die Magaliesbergreeks groei is daar ook 'n groot hoeveelheid flora. Al die spesies grasse, blomme en varings van die Magaliesbergreeks, kom aan beide die noordelike en suidelike hange voor. Die vernaamste spesies is: Rooigras; Steekgras, Fairy grass; Common thatchgrass; Speargrass; Weeping lovegrass; Wilde-als; Brown finger grass; Geelbos; Hard fern; Natal gladiolus ens.

Fig.110: Links, Brown finger grass (Carruthers, 2000: 102).

Fig.111: Regs, Rooigras (Carruthers, 2000: 88)

Fig.112: Links, Natal gladiolus (Carruthers, 2000: 92)

Fig.113: Regs, Steekgras (Carruthers, 2000: 89)



Klimaat

Strubenkop is geleë op die Hoëveldstreek in 'n somerreënvalstreek. Die terreininligting is as volg:

Breedtegraad: 25.754367 Suid

Lengtegraad: 28258853 Oos

Die gemiddelde temperatuur: 30 °C somer
17 °C winter

Die gemiddelde jaarlikse reënval: 686 mm

Wind: Die algemene windrigting wissel van Noord-oos tot Suid-oos teen 'n spoed van tussen 4 km/h tot 6 km/h.

Humiditeit: Gemiddeld 56 % jaarliks.





Fig.114: Links ,
somer-sonstudie van
Strubenkop (illustrasie:
outeur).

Fig.115: Regs, winter-
sonstudie van
Strubenkop (illustrasie:
outeur).




Toegang

Die huidige toegang tot die terrein is beperk tot die Old Fort Road (wat in 'n noordwestelike rigting die kopie uitklim). Hierdie toegangspad is al 'n geruime tyd in gebruik (figuur 22 en 23) en is dus van historiese belang. Die pad is egter tans versper deur heinings, wat ook die hele terrein omring.

Die aanname kan gemaak word dat die terrein omhein is vir veiligheidsredes. Die terrein word omring, aan die suidekant, deur Strubenkop Security Village. Aan die noorde grens die terrein aan die Universiteit van Pretoria se Proefplaas.

Fig.116: Terreinplan van Strubenkop.



Reservoirs

Die bestaande reservoir op die koppie bestaan uit twee beton tenks van 25 000 liter elk. Volgens van Vollenhoven het die oprigting van die reservoirs 'n direkte bydrae gemaak tot die verval van die fort (1995:103). Die reservoirs het verder die ontwikkeling van die omliggende oostelike woonbuurte voorafgegaan. Die fort word sedert die sewentige jare erg ge vandaliseer.

Dit sal moontlik vergestalt in 'n verhouding tussen water en die oornagfasiliteit (op 'n simboliese en/of funksionele vlak).

Fort murasie

Die fort is in 'n verwaarloosde toestand. Die fondasie mure het op sekere plekke heeltemal verweer en is weer geïntegreer met die landskap.

Fig.117: Die reservoir op Strubenkop (foto: outeur).



Verklaring van kulturele betekenis

Die verklaring van kulturele betekenis dien as die opsomming van die terreinanalise. Dit illustreer ook die outeur se benadering tot die erfenis betekenis van die terrein sowel as die gefortifiseerde landskap van Pretoria.

Fig.118: Liggingsplan wat die fort ruïnes aandui (illustrasie: outeur).




Fig.119: 'n Hoop klippe waar 'n muur eens gestaan het (foto: outeur).

Fig.120: 'n liniêre element in die landskap word slegs opgemerk as die besoeker die ruïne vanuit 'n sekere hoek beskou (foto: outeur).



Fig.121: Die fondament van die Eastern Redoubt word slegs sigbaar as die toeskouer die liniêre element vanuit 'n loodregte hoek beskou (foto: outeur).





Fig.122: Die deel van die Eastern Redoubt wat in die beste toestand is (foto: outeur).

Fig.125: 'n fondament geïntegreer met die landskap (foto: outeur).



Fig.123: Die ruïnes aan die noorde van Strubenkop (foto: outeur).



Fig.124: Die noordelike aansig van die gedeelte wat in die beste toestand is (foto: outeur).



Met verwysing na die *International Cultural Tourism Charter* of *Mexiko Charter* (ICOMOS, 1999), kan erfenis die landskap, historiese ruimtes, bou-omgewings, biodiversiteite of kennis wees. Erfenis weerspieël die historiese ontwikkeling van die plaaslike gemeenskap. In die geval van “Die wagte van Pretoria”, kommunikeer die gefortifiseerde landskap die ontwikkeling van Pretoria tot die hoofstad van Suid-Afrika.

Die verhouding tussen toerisme en kulturele erfenis is belangrik om erfenis aan die plaaslike gemeenskap en besoekers te kommunikeer (ICOMOS, 1999). Dit is dus die doel van die forteroeete om 'n verhouding tussen die gemeenskap en besoekers te vestig.

Die toeristieke aktiwiteite behoort die besoeker in te lig van die oorspronklike eienskappe van die terrein. Daar is egter 'n beperkte hoeveelheid inligting oor die fort self. Dus sal daar nie in die ontwerpvoorstel gepoog word om die oorspronklike struktuur te kommunikeer nie, maar wel die bestaande struktuur. Dit sal verdere argeologiese navorsing op die terrein (en ander soortgelyke terreine) bevorder.